

17 Mei

Skrifgedeelte: Efesiërs 4:17-32 (1953/83-vertaling)

Fokusgedeelte: Efesiërs 4:22-24

Leef nuut in Christus

Hoeveel keer word ons verhouding met ons hemelse Vader in die lewe nie belemmer omdat ons keuses en manier van lewe nie in gehoorsaamheid aan Hom is nie? Ons is in sonde ontvang en gebore en lewe elke dag in hierdie wêreld waar ons eie sondige natuur in stryd is met dit wat die Heilige Gees vir ons wil hê. Die wêreldse dinge raak al hoe meer verleidelik, en wanneer ons ons laat verlei, belemmer dit ons verhouding met God.

Daaglik moet jy bewustelik selfondersoek doen van jou lewe, en as daar iets is wat jou verhouding met God belemmer, dan moet jy daarvan ontslae raak. In die fokusgedeelte kom daar vier gedagtes na vore oor hoe ons in die krag van die Here ons verhouding met ons hemelse Vader kan herstel. Hou op met die sonde in jou lewe; breek daadwerklik weg daarvan; word innerlik nuut; en leef nuut. Hou op om as die ou mens, verslaaf aan sonde, te leef. Leef as 'n nuwe mens, verslaaf aan Christus.

Dit is die pad van heiligmaking wat jy saam met die Heilige Gees stap. Omdat jy in Christus geheilig is, stel God jou in staat om 'n wonderlike verhouding met Hom te hê. Die feit dat jy 'n gelowige kind van die Here is, hou geen waarborg in dat die sonde nie op jou gaan jag maak in hierdie lewe nie. Die ou mens probeer keer op keer weer in ons lewe terugkom. Jy moet daaglik jou lewe in oënskou neem en deur die leiding van die Woord en die Heilige Gees vanuit jou nuwe mensheid in Christus leef.

Sing: Psalm 19:6, 7 (1936)

Ds. R (Riaan) J van Vuuren (Hendrina/Carolina)